21ste Algemene Jaarvergadering

15 Augustus 2026



Gemoedelike Rietvalleiers: Hennie Engelbrecht, Pieter Viljoen, Anne-Marie Engelbrecht, Klaus Lübbert en Wilna Swartz.

Tydens 'n AJV is dit tyd om terug te rapporteer van alles en nogwat van die afgelope jaar, om die volgende jaar se program vas te maak, om darem weer 'n bestuursgroep "op te lyn" vir die volgende jaar en dan om lekker te kuier met Rietvallei vriende. Van al die rapporteer en besluitneming kan mens in die notule lees; die een wat Pieter le Roux vir ons "opgeskryf" en uitgestuur het.

Hierdie blaadjie is om te vertel van die dinge wat nié in die notule verskyn nie. Magdaleen Viljoen het die teks geskryf en Marietjie Klaasen het die foto's beskikbaar gestel.

Baie dankie, Magdaleen en Marietjie!

Rietvallei Bestuur

2025 – 2026

én

2026 - 2027



Tjaart Klaasen – Penningmeester, Pieter Viljoen – Voorsitter, Dalena Marx – Seniorburger Verteenwoordiger en voortaan Sosiale Koördineerder, Bertus Marx – Streek Kampkoördineerder, Pieter le Roux – Sekretaris en Frans Scholtz - Addisionele lid.

AJV 2026

Op 15 Augustus 2026 hou Streek Rietvallei hulle jaarlikse AJV. Daar is besluit om dit nie by ‘n kamp te doen nie, sodat meer lede dit kan bywoon en bestuur verseker is van ‘n kworum. Dit word dus by De Meerpaal aftreeoord in Pretoria-Oos gehou.

25 Rietvallei lede woon dit in persoon by en 5 skakel virtueel in. Francois Groenewald, Jakaranda se gebiedsvoorsitter, en sy vrou Naomi sluit ook by ons aan.


Met aankoms kry elkeen ‘n glasie sjerrie en van daar af word daar heerlik gekuier tot die vergadering begin. Frans open met gebed en toe begin die formele AJV.

Na al die formaliteite verby is, word die toekennings uitgedeel.

Tafels is mooi versier agter in die saal en elkeen is vooraf gesê om eie eetgerei saam te bring. Dan hoef niemand na die tyd te staan en skottelgoed was nie. En as kampers is ons mos gewoond eetgerei saamry. Daar word heerlike bobotie met rys, rolletjies en slaai voorgesit. Al die Rietvallei dames het gehelp met die voorbereiding. En toe word daar gekuier soos net die Rietvalleiers kan 😊

Dankie aan elkeen wat bygedra het om die dag so aangenaam te maak. Ons het heerlik geëet en gekuier.

Magdaleen Viljoen



Francois Groenwald aan die woord.



Pieter Viljoen en Pieter le Roux
Voorsitter en Sekeretaris,
deeglik in beheer van die vergadering.

OORDENKING: MOEGHEID EN AFHANKLIKHEID

Matteus 11:28:

> *"Daarom wil Ek julle uitnooi: Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdiens leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek."*

"Kom luister na wat Ek vir jou oor jou lewe wil leer. Ek sal jou leer dat geluk nie is om heeltyd net vir jouself te leef nie. Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê."

Ons leef in 'n wêreld met baie uitdagings.

Ons hoor baie die gesegde: Ek is moeg. Nie net fisies moeg nie, maar sielsmoeg.

Ons is baie keer uitgeput van worsteling, inspanning, bekommernis.
Is die gevolg dat ons laste dra wat ons nooit veronderstel was om te dra nie?

Maar dalk is dit God wat vir jou sê: "Stop!" en vra: "het jou afhanklikheid nie dalk verskuif nie? Pak jy jou uitdaging op eie krag aan?" Het jy vergeet van die Een wat jou ware bron van krag is?


Hierdie rus word nie gevind in 'n vakansie of 'n verandering van omstandighede nie, maar in 'n oordrag van vertroue. Dit is die daad van ophou om op ons eie wankelende krag staat te maak en te leer om geheel en al op Sy onbeperkte genade staat te maak.

Menslike energie – selfs op sy hoogtepunt – het 'n vervaldatum. Goddelike krag is onuitputlik.

Vra jouself dus die tweede vraag:

- Vertrou jy op God?
- Of vertrou jy op jou eie planne, jou eie vermoë om dinge reg te stel?

Jou moegheid is nie 'n teken van mislukking nie; dit is 'n uitnodiging tot geloof.



Frans Scholtz



1 Petrus 5:7:

> *"Neem al die dinge waaroor julle julle bekommer of wat julle omkrap na God toe, want Hy self is die Een wat vir julle sorg."*

Past. Peter en Frans Scholtz

Frans Scholtz en Tjaart Klaasen
Addisionele lid en Penningmeester

GEMEENSKAP PROJEKTE

Rietvallei is tans betrokke by:

- Emily Hobhouse Tehuis (tevore by Louis Trichardt Tehuis)
- Pinocchio Kleuterskool
- Horison Sorgsentrum en
- President Kruger Kinderhuis

Tjaart en Marietjie Klaasen is Rietvallei se gesigte by die eerste drie instansies en Pieter en Elmarie le Roux by die Kinderhuis.

Wanneer Tjaart daar gaan kuier, is sy ryding gewoonlik oorlopens toe vol met allerhande skenkings en voorrade van die Rietvalleiers. Letterlik van pasta tot peuselhappies; van babaklere tot wintersbaadjies. Alles van die Rietvalleiers en de Meerpaal.

Maar: Waar word al die goeters intussentyd gebêre?
Waar kan mens tog só baie ruimte kry om vir tyd en wyl skenkings in veilige bewaring hou sonder om daaroor te struikel? Dis amper soos om ‘n Wit Olifant in jou tuin aan te hou.

Dankie dan, Tjaart! Vir stoorplek, sorteer en verpak om te ry na die mense wat dit nodig het.



Tjaart Klaasen bespreek Rietvallei se finansies

Meriete Toekennings

2025 - 2026



Die hoogste toekenning wat vanjaar op streeksvlak gemaak is, is aan Elmarie le Roux toegeken en dit, niks minder as ‘n Streeks Ere Meriete Hoërgraad toekenning. Die toekenning het voorgeskiedenis nodig, wat beteken dat die ontvanger reeds ‘n reeks toekennings moes ontvang het.
Elmarie het onder andere erkenning ontvang vir haar bydrae as Seniorburger Verteenwoordiger, die reël en aanbied van seniorsaamtrekke, kuieroggende, “hoedjie-van-papier” middag-tee’s , brood-en-wors aande en nog baie meer.

Die temas wat sy gekies het was vars en vindingryk.
Gelukkig speel die Rietvalleiers gewoonlik saam, soos met die keurige “hoedjies-van-papier” uit slegs ‘n vel koerantpapier.



Bertus en Dalena Marx het saam die tweede hoogste toekenning op streek vlak ontvang: Streek Ere Meriete en almal onthou seker waaroor dit gaan.
Daar is plaatkoekies, braai vure en kuiervure maak, spookkampe aanbied, saamtrekke koördineer, met oorde skakel, pryse beding, tegniese probleme met onse rygoed help oplos… En dis maar net deel van ‘n langer verhaal.



Hierdie is die Span wat verantwoordelik was vir die 20ste verjaardagviering en hiervoor het hulle Streek Meriete toekennings ontvang.
Dalena Marx, Marietjie Klaasen, Elmarie le Roux, Tjaart Klaasen, Ann Stewart wat die toekennings oorhandig het en Pieter Viljoen.
Baie dankie! Die Verjaardagviering was regtig 'n aangename saamkuier en onthou geleentheid!

Hennie Engelbrecht word vir baie dinge onthou, maar veral sy vermoë en "begrip" om 'n steeks klankstelsel van sy slegte gewoontes te laat afsien en om "indringer" waterstrome van Rietvalleier woonwaens weg te keer. Hennie, so word vertel, is al 38 jaar met sy streke in SAWA doenig en gelukkig, so blyk dit, is dit nog "nie die einde nie"!
Pieter Viljoen het 'n Streek Meriete toekenning aan Hennie oorhandig.





Annatjie en Sieg Maritz is sommer al 36 jaar by SAWA betrokke. Annatjie is altyd bereid om te help met ietsie. Sieg en Annatjie-hulle tree ook maklik op as kampkoördineerders. Sieg is ‘n onderhoudende gespreksgenoot met ‘n breë agtergrondkennis. Sieg lei graag stapgeleenthede by saamtrekke en by ons jaarlikse stap-en-kuier by die Pretoria Botaniese Tuine.

Pieter Viljoen het ‘n Streek Meriete toekenning aan Sieg en Annatjie oorhandig

André Swartz het ‘n Streek Meriete toekenning aan Magdaleen en Pieter Viljoen oorhandig.

Pieter en Magdaleen het albei diep spore by Rietvallei getrap. Die manier waarop hulle mekaar ondersteun, werk om klippe uit die pad te rol en veral die wyse waarop hulle inspring om krisisomstandighede te normaliseer is onvergeetlik.

Vir die afgelope 2 jaar is Magdaleen Web-Meester vir die Assosiasie. Gaandeweg het Magdaleen die relevansie van die webblad se inhoud verbeter.





Frans en Stefanie Scholtz ontvang ‘n Streek Meriete toekenning van Pieter Viljoen.
Frans is dikwels aan die Woord tydens boekevat geleenthede saans en Sondae. Die meeste van ons raadpleeg boeke met dagstukkies vir boekevat, terwyl Frans (en Magdaleen) meesal oorspronklike oordenkings voorberei.

Dit gebeur van tyd tot tyd dat Frans voel dat die gedeelte wat hy voorberei het, her-oorweeg behoort te word.

Waar Selwers skouers sou optrek, ontwikkel Frans ‘n nuwe, passende gedeelte selfs tydens ‘n saamtrek.
Frans se vermoë om ‘n onnodige argument in sy spore te stuit, is legendaries.
Dankie vir die voorbeeld wat jy vir ons voorhou, Frans.



Advertensie

Rietvalleier van die jaar:
Magdaleen Viljoen.
Veels geluk, Magdaleen!





Rietvallei Senior van die Jaar:
Hennie Engelbrecht.

Die Rietvalleiers het besluit dat hierdie (vir nou) die laaste keer sal wees dat die trofee toegeken word. Met die uitsondering van ‘n enkele lid of twee, is alle Rietvalleiers “Seniors”. Mits die demografie van die streek dramaties sou verander, is daar min behoefte vir hierdie toekenning.
Die trofee is deur Henry Hill geskenk en omstreeks 2013 ingestel.



Dalena Marx het verjaar
en Marietjie Klaasen
deel sjokolade-wense uit.



Wim en Margriet van den Berg
het hulle huwelik herdenk.



Hennie en Anne-Marie Engelbrecht ontvang 'n 225ste algemene aansporingsplaatjie.





Die ete is gereed:

Bobotie voorberei en gebak deur Elmarie le Roux.
Sieg en Annatjie het die rys versorg.



Die res van die Rievalleiers is gevra om elk 'n bestanddeel vir hierdie lekker saamgestelde slaai te bring.

Smaaklike ete!
...en daar was vreugde en vrede.



***Voor**: Magdaleen Viljoen.* ***Eerste ry**: Chris en Ansie Delport, Dirk Maree, Ann Stewart en Annatjie Maritz.*
***Tweede ry**: Tjaart Klaasen, Elize van der Berg, Margriet van den Berg, Elmarie le Roux,*
Stefanie Scholtz, Dalena Marx, Anne-Marie Engelbrecht, Wilna Swartz en Sieg Maritz.
***Agterlangs**: Daan van der Berg, Wim van den Berg, Pieter le Roux, Frans Scholtz, Bertus Marx,*
Hennie Engelbrecht, Pieter Viljoen, Klaus Lübbert, André Swartz en Hein Henze.